higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N360**(A)**(J8)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

EKONOMIE N4

(22020034)

8 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

GS

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EKONOMIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees ALLE vrae in AFDELING B.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. ALLE grafieke moet duidelik benoem word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

GS

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: VERPLIGTEND

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die tevredenheid ('satisfaction') wat ons ondervind met verbruiksgoedere of dienste staan bekend as …

A opbrengs.
B gebruiksvoorwerpe ('utensils').
C nuttigheid ('utility').
D skaarsheid.

1.1.2 Wanneer 'n verhoging in die prys van een produk lei tot 'n toename in die vraag na 'n ander produk, beteken dit die twee produkte is ...

A substituutprodukte
B normale produkte
C essensiële produkte
D komplementêre produkte

1.1.3 'n Marksituasie wat deur 'n paar groot besighede gedomineer word, is …

A monopolisties.
B 'n oligopolie.
C 'n monopolie.
D perfek.

1.1.4 Wanneer pryse uitgedruk word in vergelyking met ander goedere, staan dit bekend as …

A relatief.
B nominaal.
C absoluut.
D 'n mark.

1.1.5 Die wet van afnemende … verklaar dat namate meer en meer veranderlike inset by die vaste inset gevoeg word, die opbrengs van die veranderlike inset sal verminder.

A nuttigheid
B opbrengs
C marginale
D produktiwiteit

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Globalisering is 'n proses waardeur die ekonomieë van lande met mekaar verbind word.

1.2.2 'n Skaalbesparing ('economy of scale') is 'n situasie wat bestaan wanneer 'n firma sy koste oor 'n hoë uitsetvlak kan verdeel.

1.2.3 Die koste van produksiefaktore en ander insette wat in die produksieproses gebruik word, word implisiete koste genoem.

1.2.4 In 'n sentraal beplande ekonomie word hulpbronne deur die polisie toegedeel.

1.2.5 Suid-Afrika het 'n dualistiese ekonomie.

(5 × 2) (10)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 … maatskappye is maatskappye wat goedere en dienste in meer as een land produseer of versprei, gewoonlik wêreldwyd.

1.3.2 Die ekstra koste om 'n addisionele eenheid te produseer staan bekend as …

1.3.3 'n Firma sal ophou bestaan slegs wanneer ekonomiese winste gelyk is aan …

1.3.4 Die verlies van ander alternatiewe wanneer een alternatief gekies word, word 'n … koste genoem.

1.3.5 In 'n volmaak kompeterende mark, is die marginale-inkomstekromme ook die gemiddelde-inkomstekromme of … kromme.

(5 × 2) (10)

1.4 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Die proses van interaksie tussen die lande van die wêreld om hulle ekonomieë nader aan mekaar te bring, word (industrialisering/globalisering) genoem.

1.4.2 (Veranderlike/Konstante) koste verwys na die koste wat verander saam met die uitsetvlak.

Kopiereg voorbehou

1.4.3 Die makro-ekonomie bestudeer die ekonomiese stelsel van ‘n land as (individu/geheel).

1.4.4 Indien die verbruiker se vraag na tee toeneem as gevolg van ‘n toename in die prys van koffie, is die genoemde produkte voorbeelde van (substituut-/komplementêre) produkte.

1.4.5 (Integrasie/Regulering) is ‘n maatreël wat deur oligopolieë gebruik word om hulle markaandeel te verhoog.

(5 × 2) (10)

1.5 Kies ‘n beskrywing uit KOLOM B om by ‘n woord/item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.5.1	Markmislukking	A	die belangrikste aanwyser wat voortdurend gemeet word om die gesondheid van die ekonomie te assesseer
1.5.2	Lone	B	verandering in uitset (produksiefaktor) as gevolg van die aanwending van een of meer eenhede van ‘n spesifieke inset
1.5.3	BBP (Bruto Binnelandse Produk)	C	‘n toestand waar hulpbronne nie doeltreffend deur markkragte verdeel word nie
1.5.4	Huishoudelike sektor	D	aangeleenthede wat betrekking het op die arbeidsmark
1.5.5	Marginale produk	E	eienaars van produksiefaktore
		F	is dieselfde as marginale nuttigheid

(5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord ENIGE DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die term *wet van afnemende opbrengs* ('law of diminishing returns'). (2)

2.2 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> In Januarie het 'n klein pizzawinkel 350 kartonhouers Margarita-pizza en 200 kartonhouers kaas van sy verskaffer ontvang. Hulle het elke kartonhouer Margarita-pizza teen R30 en elke kartonhouer kaas teen R35 verkoop. In die volgende maand (Februarie) het die verskaffer die getal afgelewerde kartonhouers Margarita-pizza verhoog van 350 tot 441, en die getal kartonhouers kaas van 200 tot 252. Die nuwe verkoopsprys vir elke kartonhouer Margarita-pizza en elke kartonhouer kaas is tot onderskeidelik R40 en R49 verhoog.

2.2.1 Verduidelik die pryselastisiteit van aanbod. (2)


2.2.2 Bereken die elastisiteit van aanbod vir kaas. (6)

2.2.3 Verduidelik enige uitdaging wat deur produsente ondervind kan word wanneer hulle hul aanbod in die kort serie ('short-run') moet verhoog. (2)

2.3 Beskryf kortliks enige VIER kenmerke van nuttigheid ('utility'). (4 × 2) (8)

2.4 Definieer *eksplisiete koste.* (2)

2.5 Bestudeer die grafiek hier onder en beantwoord die vrae.



2.5.1 Gee enige TWEE voorbeelde van veranderlike koste. (2)

2.5.2 Verduidelik die vorms ('shapes') van die gemiddelde totale koste ('ATC'), gemiddelde veranderlike koste ('AVC') en marginale koste ('MC'). (6)

2.5.3 Hoekom is die gemiddelde koste belangrik? (2)

2.6 Onderskei tussen produkmarkte en faktormarkte. (4 × 2) (8)

2.7 Verduidelik die term *kruiselingse vraagelastisiteit* ('cross elasticity of demand'). (10)
[50]

VRAAG 3

3.1 Gee enige VIER motiverings om te spaar, en gee 'n voorbeeld van elkeen. (4 × 2) (8)

3.2 Verduidelik die VIER kenmerke van oligopolie. (4 × 2) (8)

3.3 Beskryf die volgende terme kortliks:

3.3.1 Markbeperkinge

3.3.2 Marginale koste

3.3.3 Vraag

3.3.4 Huishoudelike sektor

(4 × 2) (8)

3.4 Noem VIER stukke wetgewing wat poog om die arbeidsmark in Suid-Afrika te versterk. (4 × 2) (8)

3.5 Bestudeer die volgende inkomstetabel en beantwoord die vrae.

HOEVEELHEID	PRYS (R)	TOTALE INKOMSTE ('TR')	MARGINALE INKOMSTE ('MR')
15	6	90	
16	6	96	
17	6	102	
18	6	108	

3.5.1 Bereken die marginale inkomste vir die hoeveelhede van die eenhede 16, 17 en 18. (6)

3.5.2 Hoeveel is die marginale inkomste vir addisionele eenhede wat verkoop word? (2)

3.5.3 Verduidelik die term *verbruikersbesteding*. (2)


Kopiereg voorbehou


3.6 Wat is die VIER soorte vraagelastisiteit waarvan jy weet? (4 × 2) (8)
[50]

VRAAG 4

4.1 Noem enige TWEE soorte substituutprodukte waarvan jy weet. (2)

4.2 Bestudeer die grafieke hier onder en beantwoord die vrae.






4.2.1 Wat is *komplementêre produkte*? (2)

4.2.2 Hoekom is dit belangrik vir produsente om die verwantskap tussen komplementêre produkte te verstaan? (2)

4.2.3 Wat gebeur wanneer daar 'n verhoging is in prys (van P0 tot P1) van Artikel X ('Good' X) tussen aanbodkromme S0 en S1? (6)

4.3 Vergelyk eienaarskap en motivering as ekonomiese eienskappe van 'n *sentraal beplande ekonomie* teenoor dié van 'n *markekonomie*. (8)

4.4 Bestudeer die grafiek hier onder en beantwoord die vrae.



4.4.1 Wat verstaan jy onder die term *wet van vraag* (‘*law of demand’)?* (2)

4.4.2 Dui die oorspronklike ewewigsprys in rand aan. (2)

4.4.3 Beskryf die helling (‘slope’) van die aanbodkromme. (2)

4.4.4 Verwys na die vraag- en aanbodkrommes DD en SS hier bo:

(a) Dui, in randwaarde, die prys aan waarteen daar ‘n surplus in die mark sal wees. (2)
(b) Bereken die surplus teen hierdie prys. (3)

4.4.5 Wat kan produsente doen as daar ‘n surplus van goedere in die mark is? (2)

4.5 Verduidelik, met behulp van ‘n grafiek, die kenmerke van indifferensiekrommes vir enige twee produkte van jou keuse. (10)

4.6 Onderskei tussen kort serie (‘short-run’) en lang serie (‘long-run’) in ‘n besigheid. (2 × 2) (4)

4.7 Noem die DRIE soorte wins. (3)
[50]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die term *bruto binnelandse produk* (‘gross domestic product). (2)

5.2 Verduidelik die verskil tussen *algemeen heersende pryse* en *konstante pryse*. (2 × 2) (4)

5.3 Hoe verskil skaalbesparings (‘economies of scale’) van skaalverspillings (‘diseconomies of scale’)? (4)

5.4 Bestudeer die tabel hier onder en beantwoord die vrae.

GETAL APPELS	TOTALE NUTTIGHEID	MARGINALE NUTTIGHEID
1	10	10
2	**A**	8
3	23	5
4	25	2
5	26	1
6	24	**B**

5.4.1 Bereken A en B hier bo. (4)


5.4.2 Verduidelik die term *nuttigheid* ('utility'). (2)

5.4.3 Trek 'n kromme van die totale nuttigheid ('total utility curve') deur van die tabel hier bo gebruik te maak. (8)

5.5 Gee enige DRIE kenmerke van 'n volmaakte mark. (3 × 2) (6)

5.6 Bestudeer die grafiek hier onder en beantwoord die vrae.

Onvolmaakte mark



5.6.1 Hoeveel ontvang die firma per eenheid by Q1? (2)

5.6.2 Bereken die totale inkomste ('TR') indien vier eenhede teen R26 per eenheid verkoop word. (4)

5.6.3 Bereken die totale inkomste ('TR') indien vier eenhede teen R24 per eenheid verkoop word. (4)

5.6.4 Bereken 'n wins of 'n verlies aan inkomste indien die prys per eenheid van R26 tot R24 verminder word, as daar vier eenhede is. (4)

5.7 Onderskei tussen *implisiete koste* en *eksplisiete koste*. (2 × 2) (4)

5.8 Wat is *sluiting* (‘shut-down’) met betrekking tot ‘n besigheid? (2)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou